



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 200**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n 1 bladsy-antwoordblad.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae. Beantwoord AL die vrae.

2. AFDELING A (VRAAG 1) moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word.

3. Plaas die ANTWOORDBLAD vir AFDELING A (VRAAG 1) voor in die ANTWOORDEBOEK.

4. AFDELING B (VRAAG 2 tot 4) moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

5. Begin ELKE vraag in AFDELING B op 'n NUWE bladsy.

6. Lees die vrae aandagtig en antwoord slegs wat gevra word.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

9. ALLE berekeninge moet tot TWEE desimale afgerond word, tensy dit anders aangedui word.

10. Gee spesiale aandag aan eenhede waar van toepassing.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

Voorbeeld:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.11 | ~~A~~ X | B | C | D |

1.1.1 Die tipe veld wat sal veroorsaak dat herkouers wat op natuurlike weiding aangehou word, gedurende die wintermaande in 'n somerreënvalgebied die meeste in terme van hul kondisie sal verloor:

A Gemengde veld
B Semi-veld
C Suurveld
D Soetveld

1.1.2 ... is die beweidingstelsel wat 'n boer gebruik deur vee van een kamp na 'n ander kamp in 'n siklus te verskuif. Dit bring mee dat sommige kampe rus en herstel terwyl ander kampe bewei word.

A Willekeurige beweiding
B Selektiewe beweiding
C Kampbeweiding
D Wisselweiding

1.1.3 'n Boer wil waarde tot 'n geproduseerde landbouproduk voeg deur dit in 'n meer bruikbare vorm te verander om verbruikersvoorkeure te bevredig. Die verandering van so 'n produk word ... genoem.

A verpakking
B prosessering
C standaardisering
D gradering

1.1.4 … is wanneer 'n gemeenskap of groep mense toegang tot 'n gebied of plaasgrond het.

A Privaat besit
B Individuele besit
C Gemeenskaplike besit
D Grondeienaarskap

Kopiereg voorbehou 

1.1.5 Die boerderykoste wat bestaan uit die gedeelte van die totale koste wat vir 'n spesifieke produksierigting onveranderd bly, ongeag of daar meer of minder produkte geproduseer word, byvoorbeeld depresiasie, huur en rente:

A Veranderlike koste
B Vaste koste
C Aanbodkoste
D Vraagkoste

1.1.6 Die tipe uitgawe wat die boer moet aangaan om sy landbouprodukte van sy plaas na die mark te neem:

A Vervoerkoste
B Vaste koste
C Versekeringskoste
D Prosesseringskoste

1.1.7 Die werklike sorteringsproses van landbouprodukte volgens die ooreengekome standaardspesifikasies, voordat bemarking van sulke produkte kan plaasvind:

A Handel dryf
B Gradering
C Veiling
D Standaardisering

1.1.8 Kapitaal is een van die belangrike faktore van produksie. Kies uit die lys hieronder die moontlike bronne wat 'n boer kan gebruik om kapitaal te genereer:

i Krediet
ii Vraag
iii Produksie
iv Eie spaargeld

A i en iv
B i, ii en iii
C ii en iv
D i, iii en iv

1.1.9 Die probleem geassosieer met kapitaal waar te min beleggings in die boerdery-onderneming gemaak is, wat tot gevolg het dat grond en arbeid nie ten volle benut kan word nie en maksimale wins nie behaal kan word nie:

A Skaarsheid aan kapitaal
B Oorkapitalisasie
C Onderkapitalisasie
D Hoë rentekoers

1.1.10 Die proses waardeur 'n kommersiële boer openbare aandag op 'n spesifieke landbouproduk deur middel van verskillende maniere van kommunikasie wil vestig:

A Bemarking
B Advertering/Reklame
C Aanbod
D Marknavorsing (10 x 2) (20)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/frase in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer, byvoorbeeld 1.2.11 M. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Balansstaat | A die verskuiwing van plaasprodukte vanaf die produksie- en/of prosesseringsaanleg na afsetgebiede |
| 1.2.2 Rentekoers | B 'n boerdery-inkomste wat deur die boerdery-aktiwiteit verkry word maar wat nie direk aan 'n spesifieke boerderyvertakking toegeken kan word nie |
| 1.2.3 Versekering | C totale koste minus totale produksiekoste |
| 1.2.4 Veranderlike koste | D aspekte verwant aan kapitaal wat veroorsaak dat 'n boer eerder eie kapitaal gebruik as om geld by 'n finansiële instelling te leen |
| 1.2.5 Veiling | E bemarking word gedoen deur 'n agent waar kopers bie en die hoogste bod aanvaar word |
| 1.2.6 Elastisiteit | F die koste van arbeid of boerderymateriaal wat styg met elke item wat geproduseer word of elke diens wat gelewer word |
| 1.2.7 Varsproduktemark | G 'n meganisme wat 'n boer kan gebruik om risiko in die boerdery-onderneming te verlaag |
| 1.2.8 Verspreiding | H verskaf data wat die boer nodig het om langtermynbeplanning te doen om produkte te verkoop |
| 1.2.9 Diverse boerderyinkomste | I die hoeveelheid gevra of verskaf wat met 'n groter persentasie as die prys verander |
| 1.2.10 Marknavorsing | J die verrekening van die transaksies in 'n spesifieke tydperk wat die bates en laste op 'n spesifieke tydstip aandui, gewoonlik die laaste dag van die rekenpligtige tydperk |
| | K die situasie in die mark waar vraag presies aan aanbod gelyk is |
| | L markte naby groot stedelike gebiede hoofsaaklik vir die verkoop van vrugte en groente |

(10 x 2) (20)

1.3 Die volgende stellings is VERKEERD. Verander die onderstreepte woord(e) om elke stelling KORREK te maak. Skryf die korrekte woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer, byvoorbeeld 1.3.11 Rekordhouding.

1.3.1 Grondverwering sal op onbedekte grond gedurende swaar reënval plaasvind en tot gevolg hê dat bogrond verlore gaan.

1.3.2 Op akkerboulande, hoe steiler die helling, hoe verder sal kontoerwalle uitmekaar geplaas word.

1.3.3 Elke tipe dier of gewas het 'n maksimum temperatuurgebied waarbinne dit die hoogste produksie sal lewer.

1.3.4 Berekening is wanneer 'n boer landboutoerusting instel om 'n voorafbepaalde hoeveelheid van 'n produk in 'n spesifieke tydperk of op 'n spesifieke area te lewer.

1.3.5 Mediumtermyn-krediet is die tipe krediet wat vir die boer by die plaaslike koöperasie vir die volgende plantseisoen beskikbaar is.

1.3.6 Wins is wanneer die uitgawes van 'n landbou-onderneming die inkomste in 'n spesifieke maand oorskry.

1.3.7 Die bestuursbeginsel wat toegepas word wanneer werkers in die oggend 'n klokkaart moet gebruik wanneer hulle begin werk, asook in die aand wanneer hulle huis toe gaan, word beplanning genoem.

1.3.8 Om kompos as bemesting en knoffelekstrak vir plaagbeheer te gebruik, is deel van 'n konvensionele boerderymetode.

1.3.9 Waardetoevoeging is die verandering in die waarde van 'n trekker oor 'n tydperk as gevolg van slytasie.

1.3.10 Prosessering is die advertering en verkoop van 'n landbouproduk aan die verbruiker. (10 x 1) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2: DIERE- EN GEWASPRODUKSIE

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

2.1 Plaasbeplanning sluit 'n georganiseerde en sistematiese skedule van alle grond- en waterbestuurspraktyk, wat met 'n goed gebalanseerde boerderyprogram geïntegreer is, in. Die gevolg van goeie boerderybeplanning is verbeterde gebruik van hulpbronne. Faktore wat beplanning beïnvloed, kan die beskikbaarheid van kapitaal, die werk wat elke werker op 'n spesifieke dag moet doen, die adverteer en verkoop van die produk en die beskikbaarheid van water wees.

2.1.1 Verduidelik die volgende drie basiese aspekte wat in die boerderybeplanningsprosedure gevolg word:

(a) Insameling van onlangse data (1)


(b) Klassifisering en evaluering van data (1)

(c) Werklike plan oor die benutting van hulpbronne (1)

2.1.2 'n Boer wil ʼn nuwe onderneming op die plaas insluit. Noem TWEE belangrike aspekte wat noukeurig oorweeg moet word deur na die data hierbo te verwys. (2)

2.1.3 Tydens 'n grondopname is daar voorgestel dat die grondstruktuur van sommige bewerkte landerye verbeter kan word. Noem VIER maniere waarop die boer die grondstruktuur van hierdie bewerkte landerye kan verbeter. (4)

2.2 Die prente hieronder, gemerk **A**–**E**, verteenwoordig kapitaalitems op 'n plaas.





Klassifiseer hierdie items volgens die tipe kapitaal wat elkeen verteenwoordig. Skryf slegs die tipe kapitaal langs die letter (**A**–**E**) neer. (5)

2.3

> 'n Boer in die winterreënvalgebied het gevind dat grond as hoëproduksiegrond, marginale grond en natuurlike weidings wat vir beweiding gebruik kan word, geklassifiseer kan word. Erosie het op sekere dele van die plaas voorgekom. Die gras in die weiveld groei stadig na beweiding en sal vinnig agteruitgaan indien oorbeweiding voortgaan. Die meeste van hierdie probleme kan voorkom word as die boer spesiale aandag aan die bestuur van die plaas skenk.

Identifiseer die VIER faktore wat die vermoë van die grond om te produseer, beïnvloed en wat aan die data in die paragraaf hierbo gekoppel is. (4)

2.4 Die diagramme hieronder verteenwoordig kommersiële- en bestaansboerderystelsels.



A B

Identifiseer die tipe boerderystelsel wat in elk van die diagramme hierbo verteenwoordig word. Gee in ELKE geval EEN rede vir jou antwoord. (4)

2.5 As 'n graanboer moet jy seker maak dat die implemente op jou plaas goed versorg word. Beskryf kortliks die prosedure wat jy sal volg in die versorging van jou implemente direk nadat dit op bewerkte grond gebruik is. (4)

2.6 Presisieboerdery kan gebruik word om boerderybestuur vanuit verskeie perspektiewe te verbeter. Pas die perspektiewe in die lys hieronder by die stelling. Skryf slegs die perspektief langs die vraagnommer (2.6.1–2.6.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

> ekonomiese perspektief; gewaswetenskapperspektief; omgewingsperspektief; tegniese perspektief, chronologiese perspektief, arbeidsperspektief

2.6.1 Aanpassing van bewerkingspraktyk om die werklike behoeftes van die gewas in ag te neem (1)

2.6.2 Beter tydbestuur op die plaas (1)

2.6.3 Die vermindering van landboukundige koolstofvrystellings en besoedeling (1)


2.6.4 Verhoogde uitsette met 'n verlaging van insette, dus verhoogde effektiwiteit (1)

2.7 Een van die groot probleme met plaasarbeiders is hulle gebrek aan vaardighede. 'n Vaardigheidsontwikkelingsprogram is een manier om hierdie probleem aan te pak.

2.7.1 Plaasarbeiders kan in geskoolde en ongeskoolde arbeiders ingedeel word. Onderskei tussen hierdie TWEE groepe arbeiders. (4)

2.7.2 Verduidelik kortliks die voordele wat 'n vaardigheidsontwikkelingsprogram vir plaasarbeiders vir 'n boerdery-onderneming sal inhou. (4)

2.8 'n Boer plant 'n gewas met 'n groeiseisoen van 8 weke laat in die somer. Die temperatuur gedurende week 5 en 6 moet tussen 25 °C en 30 °C wees vir hierdie gewas om die hoogste opbrengs te lewer. Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.8.1 Identifiseer die volgende uit die grafiek:

(a) Die week met die hoogste temperatuur (1)

(b) Die week met 'n gemiddelde temperatuur van 20 °C (1)

2.8.2 Sal die gewas 'n hoë opbrengs kan lewer? Motiveer jou antwoord deur na die grafiek te verwys. (2)

2.8.3 Die boer wil dié gewas in die toekoms aanplant met die oog op die hoogs moontlike opbrengs. Beskryf TWEE praktyke waarmee die boer die probleem met die temperatuur kan oplos. (2)

2.9 Posisies in die bestuurstruktuur van 'n plaas kan 'n PLAASEIENAAR, 'n HERDER, 'n VOORMAN VIR GEWASPRODUKSIE, 'n VOORMAN VIR VEEPRODUKSIE, en 'n PLAASBESTUURDER insluit. Trek 'n skematiese voorstelling van die organisasiestruktuur (organogram) vir hierdie plaas op. Gebruik die verskillende posisies soos hierbo aangedui. (6)

**[50]**

## VRAAG 3: REKORDHOUDING, FINANSIËLE STATE EN ENTREPRENEURSKAP

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

3.1 Begrotings is werksdokumente wat voor elke seisoen of jaar opgestel word om die finansiële bestuur van 'n onderneming te bepaal.

3.1.1 Noem VIER tipes begrotings wat nuttig in verskillende landbou-ondernemings kan wees om die entrepreneur met finansiële beplanning by te staan. (4)

3.1.2 Kies 'n boerdery-onderneming en stel 'n gedeelte van die begroting vir die volgende finansiële jaar vir daardie onderneming op. Gebruik slegs EEN item vir inkomste en EEN item vir uitgawes. Trek die gedeeltelike begroting hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor.

| **Onderneming ............................** | | | | **Begroting vir finansiële jaar ......** | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | | **UITGAWE** | | | |
| **Item** | **Bedrag** | **Eenheids-prys** | **Totaal** | **Item** | **Bedrag** | **Eenheids-prys** | **Totaal** |
| | | | | | | | |

(8)

3.2 Dui VYF tipes rekords wat vir veeboere belangrik is, aan. (5)

3.3 Die volgende is groot aanwendings van kapitaal:

- Aankoop van masjinerie
- Aankoop van grond
- Aankoop van kunsmis

Lenings by banke en ander kredietvoorsieners is die algemeenste bronne van kapitaal. Gebruik die kapitaalaanwendings hierbo genoem om die tabel hieronder te voltooi. Kopieer die tabel in jou ANTWOORDEBOEK.

| **DETAIL** | **TYDSDUUR** | | |
|---|---|---|---|
| | **LANGTERMYN-LENING** | **MEDIUMTERMYN-LENING** | **KORTTERMYN-LENING** |
| Tydperk | | | |
| Aanwending van kapitaal | | | |

(6)

3.4 'n Balansstaat is 'n maatstaf wat die waarde (likiditeit) van 'n besigheid bepaal. Die waarde van die totale bates moet die waarde van die totale laste oorskry.

Die boer het die volgende inskrywings in die finansiële state op 31 Oktober 2010:

| | |
|---|---|
| Kontant | R2 000 |
| Uitstaande krediet om grond aan te koop | R231 182 |
| Bankbalans | R20 000 |
| Voorraad | R100 000 |
| Debiteure | R120 000 |
| Implemente | R60 000 |
| Voertuig (trekker) | R90 000 |
| Geboue | R50 000 |
| Krediteure | R11 613 |
| Langtermynlening | R150 000 |

3.4.1 Gebruik die data hierbo om die eenvoudige balansstaat hieronder te voltooi. Skryf slegs die letter ((a) tot (d)) en die relevante ontbrekende data in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| BATES | RAND | LASTE | RAND |
|---|---|---|---|
| **Vaste bates** | | **Langtermynlaste** | |
| Geboue | 50 000 | Uitstaande krediet vir grond | 231 182 |
| | | Langtermynlening | 150 000 |
| **Bedryfsbates** | | **Bedryfslaste** | |
| (a) → … → | … | (c) → … → | … |
| (b) → … → | … | | |
| Bankbalans | 20 000 | | |
| Debiteure | 120 000 | | |
| **Mediumtermyn-bates** | | | |
| Implemente | 60 000 | | |
| Voertuig (trekker) | 90 000 | | |
| **TOTALE BATES** | **442 000** | **TOTALE LASTE** | (d) … |

(4)

3.4.2 Bereken die netto waarde vir hierdie boer, volgens die data in die tabel hierbo. (2)

3.5 'n Brondokument word voorberei wanneer 'n besigheidstransaksie plaasvind. Dit lê die belangrike data van 'n transaksie vas.

Hieronder is voorbeelde van die verskillende brondokumente (3.5.1–3.5.4) wat in boerdery-ondernemings gebruik word. Gee die naam van ELKE brondokument.

**KONTANTFAKTUUR** **No. 0001**

**AAN:** ______ ______ ______ ______

**VAN:** JOU EIE BESIGHEID STRAAT STAD

**DATUM:** ______

| HOEVEELHEID | BESONDERHEDE | BEDRAG |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | **TOTAAL** | **R** |

3.5.1

**Account Deposit/Rekening-deposito**

Date / Datum ☐☐☐☐☐☐☐☐ Branch No. / Tak Nr. ☐☐☐☐☐☐

Acc. No. / Rek. nr. ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Reference / Verwysing ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Account Name / Rekening Naam ______

Branch/Tak ______

| N.B.: List money/postal orders individually under cheques. L.W.: Geld/posorders moet afsonderlik onder tjeks aangedui word | Notes / Note | | |
|---|---|---|---|
| | Coins / Munt | | |
| | Sub-Total / Sub-Totaal | | |
| Drawer/Trekker | Bank No./nr 1st 6 Nos./1ste 6 nrs | | |
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4 | | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| 7. | | | |
| 8. | | | |
| 9. | | | |
| 10. | | | |
| 11. | | | |
| 12. | | | |
| 13. | | | |
| 14. | | | |
| 15. | | | |
| (Compulsory) (Verpligtend) | Total / Totaal | R | |

**Details of depositor / Besonderhede van deponeerder**

Name (Print) / Naam (Drukskrif)

Dialling code and telephone number / Skakelkode en telefoonnommer

Subject to conditions printed overleaf / Onderworpe aan voorwaardes op keersy gedruk

Signature/Handtekening

3.5.2

**JOU BESIGHEID**

BTW Reg. no. 20111114001

Aan:

Posbus
Dorp
Stad
0000
011 673 4196

| Hoev. | Beskrywing | Prys Eks. | Korting | Bedrag (eksklusief) |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | Subtotaal | |
| | | | BTW @ 14% | |
| E.&O.E | | | Faktuur Totaal (Insluitend 14% BTW) | |

3.5.3

**KWITANSIE** **No. 001**

JOU EIE
BESIGHEID
STRAAT
STAD

Ontvang met dank van

Die som van:

______ Rand
______ sente

| R | c |
|---|---|
| | |
| | |

Tjek/Kontant | vir JOU EIE BESIGHEID

3.5.4

(4)

3.6 Onderskei tussen 'n *kontantvloeistaat* en 'n *inkomstestaat*. (4)

3.7 'n Veeboer het die volgende maandelikse inkomste- en uitgawewaardes vir die 2010 finansiële jaar aangeteken. Die verskillende waardes word in die volgende tabel gegee.

| MAAND | INKOMSTE | UITGAWE |
|---|---|---|
| Januarie | R200 000 | R70 000 |
| Februarie | R75 000 | R75 000 |
| Maart | R60 000 | R80 000 |
| April | R50 000 | R85 000 |
| Mei | R40 000 | R90 000 |
| Junie | R40 000 | R95 000 |
| Julie | R50 000 | R100 000 |
| Augustus | R60 000 | R100 000 |
| September | R100 000 | R90 000 |
| Oktober | R150 000 | R80 000 |
| November | R250 000 | R70 000 |
| Desember | R350 000 | R60 000 |

3.7.1 Dui die maand(e) aan waarin die uitgawewaarde gelyk was aan die inkomstewaarde. (1)

3.7.2 Die produksieplan vir 'n vee-onderneming sluit verskillende aktiwiteite in wat 'n impak op die inkomste en uitgawes sal hê. Gee TWEE moontlike redes vir die skielike daling in inkomste gedurende Februarie. (2)

3.7.3 Bereken die wins/verlies vir hierdie onderneming gebaseer op die data hierbo. Bepaal of die boer 'n wins getoon het vir dié spesifieke jaar. Toon jou berekeninge. (4)

3.8 Die volgende is vrae wat gereeld deur boere gevra word wanneer besigheidsplanne opgetrek word:




Kopieer die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK en kategoriseer die vrae hierbo deur elkeen in die toepaslike kolom in die gedeelte van die besigheidsplan hieronder neer te skryf.

**GEDEELTE VAN BESIGHEIDSPLAN:**

| BEMARKING | FINANSIËLE BEPLANNING |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

(6)
**[50]**

**VRAAG 4: OES, WAARDETOEVOEGING, BEMARKING, AGRITOERISME EN BEDRYF**

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

4.1 Beskryf DRIE aspekte wat die belangrikheid van die gradering van 'n landbouproduk voordat dit geprosesseer word, aandui. (3)

4.2

| |
|---|
| 'n Boer produseer 'n landbouproduk. Omdat die produk so vinnig bederf, behaal dit nooit hoë pryse nie. Die meeste van die tyd verkoop dit nie eens nie omdat verbruikers kla dat dit groot is en moeilik hanteer. Die boer besluit om hierdie spesifieke landbouproduk te prosesseer. |

Noem die DRIE hoofdoelwitte van die prosessering van 'n landbouproduk, afgelei uit die paragraaf hierbo. (3)

4.3 Noem DRIE nie-chemiese metodes wat gebruik kan word om mikrobes te beheer wat gestoorde landbouprodukte beskadig. (3)

4.4

| |
|---|
| 'n Produsente-organisasie speel 'n belangrike rol in die produksie-onderneming wat dit verteenwoordig. Dit lig boere in oor internasionale en plaaslike markneigings en pryse om boere te help met die beplanning vir nuwe ondernemings of seisoene. Promosie en reklame/advertering word kollektief gedoen namens die boere wat die spesifieke onderneming verteenwoordig. Dit dien ook as 'n onderhandelaar tussen boere en die regering om regulerende kwessies te bepaal. |

Beskryf in hooftrekke die rol wat produsente-organisasies speel om die boer te help deur na DRIE aspekte wat in die paragraaf hierbo genoem word, te verwys. (3)

4.5 Noem VYF vereistes van geskikte verpakkingsmateriaal vir vleis of vleisprodukte. (5)

4.6 Groter landbouprosesseringsbesighede moet voldoen aan AgriSEB om deel van die ekonomiese omgewing in Suid-Afrika te wees. Maatskappye wat nie voldoen aan SEB-doelwitte nie, kan vervolg en beboet word. Omskryf kortliks die doelwitte van AgriSEB. (3)

4.7 Deesdae sluit entrepreneurskap ook agritoerisme in waar die boer en die landbouprosesseerder aan toerisme deelneem. Toeriste besoek plase, landelike gebiede en landbouprosesseringsaanlegte as deel van hulle toere in Suid-Afrika.

4.7.1 Definieer *agritoerisme*. (2)

4.7.2 Identifiseer DRIE voordele van agritoerisme. (3)

4.8 Oes is 'n kritieke taak wat effektief en betyds op die plaas gedoen moet word. Noem enige SES faktore wat die plaasbestuurder in ag moet neem wanneer sulke voorbereidings gedoen word. (6)

4.9 'n Boer beplan om 'n spesifieke gewas in die komende seisoen aan te plant. Bemarking van so 'n produk op 'n geskikte mark is die belangrikste besluit wat enige landboukundige moet maak om maksimale wins te verkry. Die tabel hieronder verteenwoordig sekere bemarkingsinligting oor 'n landbouproduk.

| **PRYS (R/TON)** | **HOEVEELHEID PRODUK GEPRODUSEER (MILJOEN TON)** | **VERKOPE (MILJOEN TON)** |
|---|---|---|
| 500 | 5 | 10 |
| 700 | 6 | 9,5 |
| 900 | 7 | 9 |
| 1 100 | 8 | 8 |
| 1 300 | 9 | 6,5 |

4.9.1 Definieer die term *landboumark*. (2)


4.9.2 Trek 'n lyngrafiek om die vraag en aanbod vir hierdie gewas aan te dui. (5)

4.9.3 Lei uit die grafiek die IDEALE PUNT af waar die aanbod gelyk aan die vraag na die produk sal wees. (1)

4.9.4 Gee die korrekte term wat gebruik word vir die ideale punt waar die vraag en aanbod dieselfde is. (1)

4.9.5 Verduidelik die rede waarom die punt bepaal in VRAAG 4.9.3 die ideale punt genoem word. (2)

4.10 Die prentjie hieronder illustreer die belangrikheid van veiligheid wanneer plaastoerusting hanteer word.




4.10.1 Plaastoerusting kan baie gevaarlik wees en dit is lewensbelangrik om die korrekte veiligheidsprosedures te volg. Gee 'n rede waarom plaastoerusting as gevaarlik beskou kan word. (1)

4.10.2 Noem die wetgewing wat op ALLE plaaswerkers van toepassing is, om ongelukke te voorkom. (1)

4.11 'n Kleinboer was deel van 'n mentorskapprogram met 'n groot kommersiële boer. Die kleinboer verduidelik sy/haar boerdery-onderneming aan die groot kommersiële boer soos volg:

- 30 ha grond waarvan 20 ha bewerk is
- 4 osse
- 2 handploeë
- 1 boorgat
- 1 sementdam van 160 000 ℓ
- 3 muile
- I donkiekar

Die kommersiële boer het die volgende aspekte geïdentifiseer wat suksesvol verbeter kan word in sy/haar mentorvennoot se onderneming:

A. Agritoerisme
B. Besproeiing
C. Meganisasie

Skryf 'n kort projekverslag en noem TWEE aspekte wat gebruik kan word in die kleinboer se onderneming onder elkeen van opskrifte hierbo. (6)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

## AFDELING A

### VRAAG 1.1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D |
| 1.1.2 | A | B | C | D |
| 1.1.3 | A | B | C | D |
| 1.1.4 | A | B | C | D |
| 1.1.5 | A | B | C | D |
| 1.1.6 | A | B | C | D |
| 1.1.7 | A | B | C | D |
| 1.1.8 | A | B | C | D |
| 1.1.9 | A | B | C | D |
| 1.1.10 | A | B | C | D |

(10 x 2) (20)

### VRAAG 1.2

| | |
|---|---|
| 1.2.1 | |
| 1.2.2 | |
| 1.2.3 | |
| 1.2.4 | |
| 1.2.5 | |
| 1.2.6 | |
| 1.2.7 | |
| 1.2.8 | |
| 1.2.9 | |
| 1.2.10 | |

(10 x 2) (20)

### VRAAG 1.3

1.3.1 ……………………………………………

1.3.2 ……………………………………………

1.3.3 ……………………………………………

1.3.4 ……………………………………………

1.3.5 ……………………………………………

1.3.6……………………………………………

1.3.7……………………………………………..

1.3.8……………………………………………..

1.3.9……………………………………………..

1.3.10…………………………………………

(10 x 1) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou